

Donderdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Openbaring 15:1-4 (AFR83)

Fokusgedeelte: Openbaring 15:1-4

God tree altyd as Oorwinnaar uit die stryd

Daar is 'n noue band tussen gister en vandag se lied. Gister se lied het gegaan oor God wat daar by die Rooisee sy volk van die Egiptenaars verlos het. Hy het hulle gered deur hulle droogvoets daardeur te lei. Die Egiptenaars het daarin verdrink. Nou weet ons, Egipte is die sinnebeeld van die sonde. Die farao en sy magte: die bose se manier om te verhoed dat Israel die beloofde land beërwe.

Dis by hierdie tema dat ons Skrifgedeelte aansluit. Voordat die sewe bakke uitgegiet word, word eers 'n kykie op die ewigheid gegee. Johannes sien die gemeente van verlostes in die hemel aan die oewer van 'n see van glas. Die "see van glas" is hier 'n voorstelling van dit wat in Eksodus 15 beskryf word. 'n Verwysing na die "hemelse" Rooisee waardeur die oorwinnaars gekom het en wat weldra die agtervolgende vyand gaan verswelg. Die vuur daarin verwys na God se oordeel. Soos God se oordeel die Egiptenaars getref het deur hulle in die Rooisee te laat omkom, so sal God se oordele ook die goddelose tref. Soos Israel God aan die oewer van die Rooisee geprys het vir die oorwinning, so staan die oorwinnaars oor die dier (hoofstuk 13) gereed om God vir sy oorwinning te prys. So bereik die lied van Eksodus 15 sy klimaks: God wat as die Oorwinnaar geprys en aanbid moet word (vs 3, 4).

Die gelowige is in 'n voortdurende stryd teen die bose gewikkel. 'n Intense stryd. Die uitkoms is seker. Deur Jesus se dood en opstanding is die oorwinning behaal. As gelowiges kan ons nou reeds uit hierdie oorwinning leef. Verder, ons sien baie boosheid rondom ons. Die sonde en kwaad wat net erger word. Tog kan ons weet: dit gaan nie ongesiens by God verby nie. 'n Dag van rekenskap kom. Moenie dat die goddeloosheid in hierdie wêreld u moedeloos maak nie. Prys God eerder vir sy groot en wonderbaarlike dade.

Sing: Skrifberyming 2-7/37:1, 2 (melodie van Ps. 18)

Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)